

# DOEANE-BEAMPTES ONDERSKEP DWELMS TER WAARDE VAN R12 MILJOEN BY ORTIA

**Pretoria, Vrydag 14 Junie 2019** - Doeane-beamptes het die afgelope week dwelms by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) onderskep ter waarde van R12 miljoen in drie afsonderlike voorvalle.

Op Woensdag 12 Junie 2019, het doeane-beamptes 'n manlike passasier onderskep wat gepoog het om net meer as 3 kg heroïene, met 'n geskatte waarde van R 9,2 miljoen, die land uit te smokkel.

Die passasier is gestop en ondervra deur doeane-beamptes net toe hy aanboord 'n vlug na Europa wou gaan. Hy is versoek om die beamptes na 'n aangewese area te vergesel waar hy gevra is om sy bagasie, wat ingeboek was, oop te sluit. Sy bagasie is in die doeane-soekarea geskandeer en deeglik deursoek.

Die doeane-span het versteekte voorwerpe in valse kompartemente van die bagasie gevind wat positief vir heroïene getoets het. Hy is gearresteer deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie en saaknommer CAS 106/06/2019 is geopen.

In nog 'n voval, het doeane-beamptes 'n terughoubevel op vrag geplaas wat in Johannesburg uit Lagos aangekom het op 13 Junie, na inligting van die SA Polisie se Misdadintelligensie-eenheid (SAPS CI) ontvang is.

Met ondersoek, en met die hulp van speurhonde, is vier pakkies gekonfiskeer met 4 kg efedrien (kristal-metamfetamien) met 'n straatwaarde van R 2,2 miljoen gevind. Die pakkies is aan lede van SAPD se direktoraat vir prioriteitsmisdadondersoek (Valke) oorhandig.

'n Pakkie met efedrien ter waarde van R 630 000 is ook in 'n posentrum by ORTIA gevind. Die pakkie, met 'n gewig van 2,8 kg, is ook aan die polisie oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS het hierdie suksesse behaal in samewerking met die SAPD se misdadintelligensie-eenheid en ander verwante departementse.